


# KOERSVAS

Jaargang 6      Uitgawe 131   9 Maart 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Kinderverwondering



“Bring vir die harlekyn nog wyn” blêr Sonja Herold terwyl die kort mannetjie met Down’s sindroom in ‘n aapkostuum sy aapstreke uitvoer. Van sy makkers in narpakke beweeg heel ritmies oor die verhoog terwyl een verdwaalde siel verbaas na almal rondom hom kyk en seker maak niemand raak aan hom nie omdat hy erg tasafwerend is. Dit is Country musiek volgende en die jongman beweeg a-ritmies oor die verhoog. Met spiere wat teen mekaar stry, maak hy of hy kitaar speel. Sy gesig is een groot glimlag van pret. Hoekom kan ek nie die opwelling van emosies in my hart keer nie? Ek sien die verborge sielsrou van ander families wat die konsert meeleeft.

Elke gemeenskap deur die eeue heen het uit die volle spektrum van menswees bestaan. Daar was nog altyd die “slimmes” en die randfigure na die ander kant toe. Die grootste gros mense is in die middel. Die

slimmes vereer ons en die ander groep sukkel ons om te hanteer. Al is dit nie gewild om na IK te verwys nie, het navoring bewys dat daar ‘n bel-kurwe verspreiding is, wat beteken daar altyd mense sal wees wat nie in die hoofstroom inpas, of die pas kan hanteer nie. Net soos ons sukkel om diesulke mense in ons denk-kassies in te plaas, net so sukkel hulle en het hulle nie die vermoë om by “normaal” in te pas nie.

Jordan B Peterson is die mening toegedaan dat die hedendaagse gemeenskap steeds nie uitgewerk het waar om die onderste 15% van die IK- kurwe te akkommodeer nie. Dit beteken dat die gemeenskap in die RSA nie weet hoe om 7.5 miljoen mense by te staan in hulle uitleef van menswees nie. Sommiges verwys na hierdie mense as “idiotie”, “vertraag”, “gestremd”, mense met spesiale behoeftes. Die klein persentasie mense wat nie inpas nie, word tog ‘n groter groep in ‘n groterwordende bevolking; al bly die persentasie dieselfde. Hierdie mense is deel van gesinne en gemeenskappe. Hulle het ‘n onmeetbare impak. Ons weet steeds nie wat om met hierdie mense te doen nie, so al asof ons hulle wese kan bepaal.

My dogter is een van “hulle”, haar stryd dra ons al meer as dertig jaar in ons harte.

Gewone kuikens word uit die nes geskop of spreid self hulle vlerke. Sy is nie by vermoë om volle beheer oor haar eie lewe te neem nie. In 'n sekere sin bly sy ons verantwoordelikheid vir die res van haar, of ons, lewe. Nie dat iets daarvan haar pla nie, sy is altyd opreg, vol vreugde en laggies.

Daar is baie mense wie se bestaan opgaan in die angs wat die versorging van so 'n kind impliseer. Net so het sulke kinders se lewens en bestaanswyse dikwels in hulle ouers se stryd versmelt. Ek het in my bediening gesien hoe ouers krampagtig vaskleef aan die lewe omdat hulle geweet het dat hulle 55-jarige kind nie sonder hulle sal kan oorleef nie. Ons kon plan sien om voor ons aftrede te verseker dat ons dogter, volgens haar keuse, deel word van 'n instansie wat rondom haar behoeftes en vermoëns ingerig is. Sy is nou vry om haarself te wees, haar eie mens te wees, tussen mense te wees wat op haar tak van die lewenspad is. Sonder gemeenskapsdruk.

Sy is gelukkig.

Ons het verlede Vrydag na Die Oord PV3 se huiskonsert gaan kyk. Dit is onmoontlik om onaangeraak te kyk na 'n konsert wat met vreugde aangebied word deur mense ingeperk na liggaam en intellek. Kan ook nie anders nie, Pa en Ma moet by die konsert wees. Terwyl ek so sit en kyk na die verskillende huise se opvoerings, durf ek nie na my vrou kyk nie en bid ek dat sy ook net reguit na die verhoog sal kyk. Ek weet self nie hoe om die trane te hanteer wat so in my oogkaste opwel en oorstu oor die keerwalle van pretensie nie. Die trane wat nie deur 'n kamma sweetvee van die hand gevang word nie, hardloop oor my wange as getuie van 'n vreemde ervaring.

Ek raak kwaad vir myself, en elke ander mens op aarde. Dit is my, dit is ons sonde wat gemaak het dat daar hierdie hartseer in die wêreld is. Dit is ons almal se skuld dat daar mense is wat nooit in "normaal" sal deel nie. En dan du die dankbaarheid nog trane uit, ook hulle is in genade aangeneem en hulle aanvaar dit met kinderlike dankbaarheid. Dan kry ek skaam vir die predikante en ouderlinge wat nie vir die "dommes" wil toelaat om hulle geloof te bely en Nagmaal te gebruik nie. Hulle glo so kinderlik, onvoorwaardelik.

Die hartseer laat my gemoed vol skiet, dit kondenseer en ek wil verstik in die oorweldigende smart van verlore geleenthede. Nooit sal ons dogter trou nie, nooit sal sy kinders baar nie, nooit sal Mamma haar kan help voorberei vir die troue nie, nooit reël vir 'n ooievaarstee nie. Ek dink aan al die verlore geleenthede van die verlede. Dan kry ek skaam. As ek net beter kon doen, beter kon help, net 'n beter Pa kon wees. Gelukkig het ons al drie (vier) die beste Vader en dit troos.

"*You raise me up*" speel en ek sien die kinderlike erns in elkeen van die kinders, van wie al oor die sestig jaar oud, se gesigte. En ek weet, hulle geniet dit, hulle is waar hulle waarlik veilig voel. Daar is ware vreugde by almal wanneer die wenners aangekondig word, want ja, hulle kompeteer tog (heeltemal onskuldig) om die beste konsert te hou. Almal is bly, ook die wat geen prys gewen het nie. Vir die soveelste keer is ek deur my dogter uit my gemaksone beweeg. In 'n tyd waarin tegnologie met rasse skrede nuwe eise stel, word die gaping tussen die wat kan en die wat dit nie kan hanteer nie, al hoe groter. My dogter is veilig, sy is uit

hierdie wedloop gehaal en sy is daar waar sy die eise op haar eie kan hanteer. En sou sy nie kon nie, ons was en is daar vir haar en sy het nou steeds mense rondom haar wat verstaan, mense wat help en wat wil help.

Sy is tuis, sy is gelukkig.

Redaksioneel 23 Maart 2018 – Dr Johan Otto

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### PREDIKANTEBERAAD

Dinsdag en Woensdag 20-21 Maart het die GHG se predikante hulle jaarlikse beraad gehou oor die liturgie binne die Bond. Dit is die tema soos aanbeveel deur die Schweizer-Reneke Bondsvergadering. Dit was wonderlik om die diepgang van die gesprekke te ervaar. Predikante se gesprekke het bymekaar geleer en mekaar onderrig. Diegene wat dit nie kon bywoon nie, het 'n wonderlike geleentheid gemis. Die inhoud van die gesprekke sal beslag vind in 'n Diensboek wat beginsel-argumente stel met praktiese toepassing in voorgestelde liturgiese ordes. Die hoop is om die resultate by die Pietersburg Bondsvergadering te kan bespreek.

Predikante se opmerkings:

➤ 'n Mens wonder of dit die tyd en geld werd is om 'n beraad saam met 'n paar predikante by te woon. Dit was beslis 'n sinvolle byeenkoms waarin ons opnuut opgeskerp is.

➤ Baie sinvol gevind, baie dankie,

➤ Liturgie as saak wat vir ons almal van belang is, is op 'n insiggewende wyse bespreek. Dit was wonderlik om ander se menings oor hierdie sake te hoor.

➤ Goeie gelkeentheid!

➤ 'n Kosbare geleentheid waar elkeen sy ervarings en opinie kon lug en van mekaar verskil. Uiteindelik is elkeen se opvattings gevorm en kon ons van mekaar leer.

➤ Die gesprek oor die erediens was diepgaande en verrykend, Ek wens ons kon die die aangename geestigheid tussen ons kollegas met almal in die Bond deel.

➤ 'n Vormende geleentheid waar ek persoonlik baie gebaat het.

➤ Waardevol. Laat mens weer besin oor dit waarmee ons besig is. Wat die doel daarvan (liturgiese elemente) is en dat dit nie net gedoen word nie.



### STEEDSHERVORMER-BYEENKOMS

Na aanleiding van verskeie versoeke vanuit 'n oningeligde NHKA kerkvolk is daar ooreengekom om verskeie **Steeds-Hervormer** byeenkomste te hou om lidmate wat nie deel is van die GHG nie oor verskeie sake in te lig. Die eerste van hierdie byeenkomste vind op Woensdag **2 Mei 2018** teen 16:00 in **Mosselbaai** of omgewing plaas. Die presiese lokaal sal na konsultasie bepaal word. Belangstellendes kan Dr Otto kontak by 0827677891. Daar word ook byeenkomste beplan vir die Springbokvlakte

(Warmbad, Nylstroom, Naboomspruit omgewing), Die Bosveld (Ellisras, Vaalwater, Botswana grens) en die Laeveld (Phalaborwa, Tzaneen, Hoedspruit).

### **OSHAKATI GEMEENTE**

Insake Oshakati akkreditasie

Die Kuratorium het die bestuurskomitee in kennis gestel dat daar in die lig van paragraaf 4 van die GHG konstitusie verkeerdelik aan Oshakati akkreditasie verleen is. Dit het prakties die implikasie dat **Oshakati nie lid van die GHG** is of kan wees nie. Die Kuratorium se motivering is:

- Die Konstitusie stel baie duidelik dat die grense van die GHG die grense van die RSA is en dat Oshakati gemeente in 'n buurland is.
- Die Kuratorium kan nie die akkreditasie wat toegeken is, opskort nie ;aangesien sodanige lidmaatskap nooit bestaan het nie.
- Die effek hiervan is dat gemeente Oshakati nooit 'n lid was of kan wees van die GHG ingevolge die huidige konstitusie nie. Die Kuratorium het dus die bestuurskomitee vriendelik versoek om ingevolge paragraaf 4 van die konstitusie op te tree. Dit impliseer dat die bestuurskomitee die besluit van die Kuratorium aan die algemene jaarvergadering ten opsigte van gemeente Oshakati moet oordra.

Die GHG is in terme van die geskiedenis van die Christendom 'n jong groepering gelowiges. Alles is nog nie in kanne en kruike nie, ons vind nog ons weg. Foute wat gemaak word, hoe ongelukkig ookal, trek nie 'n streep deur ons verlede, ons bestaan of ons voortbestaan nie. Dit onderstreep die feilbaarheid van mense en die noodsaak van konstante aandag gee aan ons vorming en groei.

Daar sal verskeie beskrywingspunte rakende die konstitusie van die GHG by die eerskomende Bondsvergadering ter tafel geneem word. Die grense van die GHG en lidmaatskap word deur hierdie insident ook 'n saak wat waarskynlik aangespreek sal word.

Ons waardeer u geduld, u samewerking en u lojaliteit. Ons dien almal die EEN HOOF.

### **HOFSAKE**

Getrou aan ons beleid en gebruik doen ons moeite om alle GHG lidmate en ander belangstellendes op hoogte te hou van sake ten opsigte van die regsgeeding teen die NHKA rondom GHG gemeentes se eiendomme. Die NHKA se nuutste regspan het gemaak dat hulle eers op hoogte van sake moes kom en 'n eie aanslag bepaal. Daar het met ander woorde bitter min gebeur sedert die laaste berig. Die huidige stand van sake is as volg:

Die GHG het weer die NHKA genader rondom die moontlikheid van 'n skikking. Ons bly van oortuiging dat ons wettig opgetree het, maar wil by weg van 'n skikking die saak uit die hof hou. Die NHKA het hulself bereid verklaar om oor 'n skikking te onderhandel. Die een voorwaarde wat ongelukkig vir hulle ononderhandelbaar blyk te wees is dat hulle wil hê dat die hofspraak moet voortgaan omdat hulle 'n hofbeslissing wil hê. Dit lyk vir ons teenstrydig met die idee van 'n skikking bereik.

Dit saak gaan met ander woorde voortgaan. Op hierdie stadium moet die kern van die saak bepaal word. Daar is steeds nie konsensus oor wat die kern moet wees nie en die twee partye sal voor 'n regter stawende argumente ten opsigte van hulle

perspektief stel. Die twee regspanne sal iewers in Mei 2018 'n vergadering hê met die regter (Fourie) wat die saak bestuur. By daardie geleentheid sal die datum vir argumentasie bepaal word. Die hofsake gaan met ander woorde nie hierdie jaar afgehandel kan word nie.

Die NHKA se aandrang op 'n hofbeslissing maak dat ons sal aanhou om ons regsfonts te befonds. Dit beteken dat NHKA-lidmate nog vir geruime tyd heffings (sogenaamde sinodale offergawes) sal moet betaal om hierdie regstryd te befonds. Dit terwyl gemeentes al hoe meer die finansiële druk voel en predikante van die NHKA se standplase afgeskaal word om sinodale poste en hofgedinge te befonds.

### Missie van die Geloofsbond

Die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes het ten doel om samewerking tussen selfstandige gemeentes te fasiliteer en bevorder.

Die GHG erken die outonomieit van alle gemeentes as selfstandige verskyningsvorme van die "een heilige algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels".

Die Bond erken dat daar sake is wat nie maklik deur die plaaslike gemeente behoorlik hanteer kan word nie.

GHG skep die ruimte vir gemeentes om hulle roeping uit te leef, sonder om as Bond self 'n afsonderlike grootheid te wil word.

GHG sien leersake, akkreditasie van predikante, teologiese opleiding, Kerkordelike reëlins, administrasie, kommunikasie en onderlinge ondersteuning as sake van **gemeenskaplike belang**.

GHG skep daarom werksruimtes waarbinne verkose persone aan hierdie sake aandag kan gee. Voorstelle word by wyse van konsensus aanvaar en word dan deel van gemeentes se werkswyse.

Gemeentes is **outonoom** in die sin dat:

- gemeentes nie meer melkkoeie is om 'n topswaar instituut finansiël regop te hou nie.
- die gemeente die plek is waar die kerk sigbaar is, werk en diensbaar word.
- oormatige voorskrifte van meerdere vergaderings ons nie verstrengel tot 'n onbeweeglike struktuur nie.

### ONREGMATIGE KORRESPONDENSIE

Dit is hartseer dat daar in hierdie week weer eens 'n brief deur mnr Jan Greyling vanuit Oshakati na alle gemeentes se ouderlinge versend is. Die inhoud daarvan spreek van onkunde of 'n doelbewuste poging tot verdagmaking en onmin saai. Onder die briefhoof van "Ouderling Jan Greyling" maak mnr Greyling sekere ernstig aanvegbare stellings. Slegs 'n gedeelte van die brief word hier aangehaal om die gees van die skrywer (hetsy onkunde of verwoestende woede?) aan te dui. In hakies word daar - waar nodig op sekere stellings in kort geantwoord sonder enige poging tot volledigheid. Dit is net belangrik dat die oëverblindery in die brief ontmasker word. Die kommentaar hieronder word gerugsteun deur regsadvies wat bekom is.

Sy woorde met reaksie in skuinsdruk:

“Die implikasies hiervan is velerlei en kan nie hier volledig bespreek word nie. U moet egter op die volgende let:

a. As geen gemeente lid is nie, kan daar geen wettige verkiesing van lede van enige komitee met insluiting van die Kuratorium (“KM”) en die BK van die GHGV gewees het nie

*“(Ons is dit met mekaar eens dat nie alles van die GHG in kanne en kruike is nie. Regstellings vandag maak nie gister se optredes en besluite ongeldig nie. Ons gaan by wyse van beskrywingspunte by die Pietersburg Bondsvergadering alle moontlike probleme reg kan stel en ratifiseer; indien nodig,)”.*

b. Alle besluite en ooreenkomste wat deur hierdie komitees vir en namens die GHGV aangegaan het, kan dus nie geldig en afdwingbaar wees nie.

*“(Soos per punt a, met die verdere opmerking dat die GHG 'n Bond is en dat geen besluit van die Bondsvergadering ooit afdwingbaar was nie, ook besluite wat moontlik nie korrek is nie. Lees gerus die Missie van die Geloofsbond soos hierbo aangehaal.)”*

c. Dit raak uiteraard die akkreditasie van alle predikante by die GHGV. Dieselfde raak die lidmaatskap van gemeentes.

*“(Een fout met een gemeente se akkreditasie maak nie dat alles skielik fout is nie. Gemeentes funksioneer op hulle eie en word nie geraak deur enige beweerde ongeldige besluite van die GHG of sy kuratorium nie.)”*

d. As Oshakati nie lid kon wees van die GHGV (nie die Geloofsbond nie) is nie kon ek ook nie sitting op die KM neem nie. Dit beteken dat alle besluite van die KM geneem in daardie tyd ongeldig is. Dus alle akkreditasies van gemeentes en predikante vanaf 2015 is dus ongeldig

*“(Dit is verstommend om te kan sien dat een persoon dink dat alles om homself wentel. Die fout wat gemaak is betreffende Oshakati se lidmaatskap, maak nie alles wat in die GHG gebeur het, of die handeling van die Kuratorium ongeldig nie en alles kan geratifiseer word.)”*

Waar ‘n predikant se akkreditasie weggeneem is, was so ‘n handeling dan ook ongeldig. U kan uself indink wat se repurkussies dit moet hê vir kinders wat deur sulke predikante gedoop is, kinders wat belydenis van geloof afgelê het, ouderlinge en diakens wat in hul ampte bevestig is, die bediening van die nagmaal ens. Dit raak natuurlik ook die registrasie van predikante as huweliksbevestigers. *(Hierdie is middeleeuse onkunde of blatante verdagmakery. Hoe kan die persoon wat hierdie stellings maak, beweer dat hy die binneste werkinge van kerk en die GHG verstaan. Die GHG se akkreditasie beteken gewoon dat die Kuratorium aan gemeentes stel dat sekere predikante binne die samewerkingsruimte van die GHG kan werk. Dit is nie die GHG wat predikante in die amp bevestig nie. Dit is gemeentes wat predikante beroep en bevestig. Predikante is leraars omdat die gemeentes so besluit het. Hulle ampswerk*

*word in diens en gehoorsaamheid aan God gedoen. Die innuendo in die brief rondom doop en geloofsbelydenis word met veragting verwerp. Elke sakrament bedien in die Bond is gedoen tot eer van God. Elke sakramentshandeling is geldig. Predikante se registrasie as huweliksbevestigers is 'n funksie van Binnelandse sake, so ook moet die skimp dat huwelike dalk ongeldig is, verwerp word. Volgens ons regsadvies is hierdie bewerings van mnr Greyling nonsens.)"*

Tot sover die woorde van meneer Greyling en verkorte reaksies daarop.

Ouderlinge word aangeraai om hulself tog te vergewis van die inhoud van die brief asook die pogings tot onmin saai wat in hierdie dokument vervat word en hulle nie te steur daaraan nie. Alle handeling wat nodig het om geratifiseer te word, sal by die Bondsvergadering voorgelê word vir ratifikasie. Meneer Greyling behoort nie toegelaat te word om die rus, vrede en goeie verhoudinge in die Bond te ondermyn nie. Hy tree met 'n verskuilde agenda op en is nie die GHG en lidmate goedgesind nie.

#### **VERKLARING: JOHAN OTTO**

In 'n brief wat deur meneer Jan Greyling aan alle Ouderlingvergaderings gestuur is, verwys hy na 'n beklaging teen my wat deur hom ingedien is by die Kuratorium. Die Kuratorium het hom tereg daarop gewys dat hy eers die weg moet volg volgens die Bybel se riglyne soos vervat in Matteus 18. My eie opsighoudende liggaam (Premiermyn ouderlinge) was onbewus van die klag en het sy optrede as kwaadwillige

ondergraving van hulle gesag en taak ervaar. Ek ervaar sy nuutste optrede as bykomende venynige viktimisasie en teistering en betreur die rigting wat sy nuutste optrede ingeslaan het. Ek het dit al aan hom gestel en stel dit nou weer: Ek het hom vergewe en hoop dat hy dieselfde kan doen.

#### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/> Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

#### **GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)**

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjievorms. Alle lootjie vorms moet asseblief voltooid in wees **voor einde Junie**. Elke Bondsgemeente se dames word uitgenooi om lootjielyste te neem en saam betrokke te wees by die fondsinsameling. Sodoende dra u by tot die opleiding van die Geloofsbond se jong teologie studente.

#### **OORNAG FASILITEITE**

##### **Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
Slegs 5km van die Zambezi Tolhek  
- naby hospitaal en besighede-  
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar  
in gemeubileerde kamers  
Etes en wasgoed op afspraak  
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by  
**Villa Stoney**

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831  
[auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender

- Kwitansieboeke
  - Offergawe boeke
  - Dames Kwitansieboeke
  - Konsistorie boeke
  - Reklame plakkate en ander drukwerk
- [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)



## Hervormde Kerk Roedtan

(Lid van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes)

Adres: H/V Bosman en Jacobstraat; Roedtan  
 Kontakbesonderhede:  
 Alta Jacobs 081 505 2051  
 Ds FNS Marais 082 747 4847

### JAGKOMPETISIE 2018

Graag wil ons namens die Hervormde Kerk Roedtan aan u die geleentheid bied om deel te wees van u eie unieke jagkompetisie om fondse te genereer sonder om 'n sent uit te lê.

Ons voorsien al die kaartjies (boekies) sowel as die jag en jagpakket asook die omsien en akkommodasie van die jagters gedurende die jag.

#### OPSIE 1

Al wat u moet doen is om soveel as moontlik boekies ter waarde van R600-00 (R60/kaartjie) elk te verkoop. 50% van die inkomste is vir u sak terwyl die oorblywende 50% sowel as die teenblaadjies aan Gemeente Roedtan terugbesorg moet word voor of op 18 Mei 2018. U sal vind dat daar 11 kaartjies in 'n boekie is. Die addisionele kaartjie kan gratis aan die persoon wat die boekie verkoop gegee word, of as gemeente kan u besluit om die R60 deel te maak van u inkomste. Indien u dus byvoorbeeld 50 boekies verkoop sal die som soos volg lyk:

50 boekies @ R600/boekie = R30 000-00

R15 000 word oorbetal aan Gemeente Roedtan en R15 000 is vir u inkomste.

Indien u sou besluit om die 11de kaartjie vir u inkomste te verkoop sal u wins R18 000-00 beloop.

#### OPSIE 2

Om 'n minimum van 50 boekies vooruit te betaal vir 'n bedrag van R10 000-00 en sodoende afslag te bewerk en op die manier vir u 'n groter wins te genereer. Die elfde kaartjie is nog steeds gratis en kan gebruik word vir bemerking / addisionele inkomste. Dit staan u vry om soveel pakkette as wat u wil, te neem.

In die geval sal die som soos volg lyk:

50 boekies @ R600/boekie = R30 000-00

Aangesien u die pakket vooraf betaal het (@R10 000) maak u R20 000-00 wins.

Indien u sou besluit om die 11de kaartjie vir u inkomste te verkoop sal u wins R23000-00 beloop.

Vir enige navrae kan Hardus de Beer gekontak word by 0823881215.

Met dank

Hervormde Kerk Roedtan.



# Hervormde Gemeente Roedtan

ter waarde van

# BILTONG JAG R50 000

*\*Prys nie verhandelbaar of oordraagbaar nie!*



Beoordelaars trekking is finaal en op 10 Junie 2018



## Jagpakket:

**11-15 Julie 2018**  
Verblyf vir 10 persone vir  
5 dae by Harlou Jagplaas  
- Roedtan

- 1 x Blouwildebees
- 2 x Rooibokke
- 2 x Blesbokke
- 2 x Vlakvarke
- 1 x Rooihartebees

Koste per Kaartjie:

**R60**

## AKKOMMODASIE - SELFBEDIENING:

- Lugreëling •verhitte swembad •braaigeriewe
- volledige kombuisgeriewe •vries- en yskas •ysmasjien
- DSTV •skoonmakers •gitso •oplaai & afslag van wild.
- Koelkamer geriewe - alles vir u gerief !!

# DIE OORD PV3

## KARNAVAL

**SATERDAG**  
**14 APRIL 2018**  
**9H00 TOT 14H00**

♡♡♡♡♡♡♡♡

STALLETJIES:  
**KOS**  
PANNEKOEK  
ROOMYS  
POEDING  
KOELDRANK  
TEE EN KOFFIE

VERKOPE:  
TUISNYWERHEID  
PLAASSTAL  
WIT OLIFANT  
TOMBOLA  
FOTO HOEKIE  
VERSKEIDEHEID SPELETJIES  
VIR OUD EN JONK

DIE OORD PV3 IS GELEE OP DIE  
R513 HARTEBESPOORTDAM

## GPS:

-26.702552, 27.852534  
26°42'09.2"S, 27°51'09.1"E

★  
DIE OORD KAN GEKONTAK WORD:  
(E) OORDPV3@IAFRICA.COM  
(T) 012 253 0750/1/2  
(W) WWW.OORDPV3.CO.ZA

★  
TOEGANGSFOOI:  
R20 PER MOTOR

♡♡♡♡♡♡♡♡

KOM GENIET 'N FEESTELIKE OGGEND  
.....  
SAAM BY ONS JAARLIKSE  
.....  
FONDSINSAMELINGS KARNAVAL  
.....  
♡♡♡♡ TEN BATE VAN ♡♡♡♡  
.....  
INTELLEKTUELE GESTREMDE VOLWASSENES  
.....  
IN 'N VEILIGE LANDELIKE OMGEWING.  
.....